DEEL 118 | WEEK 47 | 20 NOVEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

Son kry 'n reënboogkrans



Heilbron-inwoners wat Maandag na die hemelruim opgekyk het, is op ’n besondere natuurverskynsel getrakteer toe ’n kleurvolle ligkring rondom die son verskyn het. Die verskynsel het soos ’n reënboog gelyk wat die son omring en het heelwat aandag getrek.

Hoewel dit met die eerste oogopslag soos ’n gewone reënboog lyk, staan dié verskynsel as ’n 22°-sonstralekrans bekend.

Die ligkring ontstaan wanneer sonlig deur miljoene klein, seskantige yskristalle in hoë wolke beweeg. Die yskristalle breek die sonlig soos klein prismas en veroorsaak dat ’n sirkelvormige ligkring rondom die son sigbaar word. Die kring vertoon soms sagte reënboogkleure, met ’n rooierige skakering aan die binnekant en ligter blou of wit kleure aan die buitekant.


Sonkranse word dikwels met naderende weersveranderinge verbind. Die hoë wolke waarin die yskristalle voorkom, kan ’n aanduiding wees dat ’n front of laedrukstelsel nader beweeg. Dit kan beteken dat reën binne die volgende 24 tot 48 uur moontlik is.

Woensdag het enkele druppels reën wel in Heilbron geval, maar dit was nog lank nie genoeg om die droogte se dors te les nie.

Boere hoop steeds op goeie reën. Ná Maandag se besondere verskynsel in die hemelruim word daar met groot afwagting na die wolke opgekyk in die hoop dat welkome reën binnekort sal uitsak.

UIT DIE PEN:

Week 47



Ek hou van inligting. Nie die inligting wat jy kry om teen iemand te hou as vergelding nie. Ook nie inligting wat ander mense kan seermaak nie. Maar as iemand vir my 'n storie vertel, vra ek gewoonlik vrae om meer inligting te bekom. Dit is nou as die storie interessant genoeg is. Soms weet ek nie of ek op al die inligting geregtig is nie, maar ek glo dat die ander persoon inligting sal kan bekend maak soos wat hy of sy kan of wil.

Dis hoe 'n gesprek werk. Persoon 1 praat, en dan reageer persoon 2. Of so het ek gedink.

My goeie man stuur eendag vir my 'n meme oor John. John is natuurlik 'n fiktiewe karakter. Om hierdie te verduidelik, gaan ek ongelukkig moet *Mengels* praat.

James stuur vir sy vrou 'n boodskap: "Please pray for John. He was in a pile-up."

James se vrou vra of John seergekry het?

James sê: "Please pray for John. He was in a pile-up."

James se vrou wonder of John se vrou okay is?

James sê: "Please pray for John. He was in a pile-up."

James se vrou vra of iemand al met John se vrou opgevolg het?

James sê: "Please pray for John. He was in a pile-up."

James se vrou vra of John in die hospitaal opgeneem is?

James sê: "Please pray for John. He was in a pile-up."

En ja, bogenoemde klink soos ek. Ek wil weet wat regtig aangaan, veral as dit mense rondom my raak. Meestal omdat ek opreg belangstel. Hoe anders gaan ek in elk geval 'n gesprek aan die gang probeer hou. Dit kom nie uit 'n slegte plek nie.

Ek hoor Gert het kanker, sê my goeie man.

Sjoe, dis nou slegte nuus, sê ek. Watter soort kanker het hy?

Ek hoor Gert het kanker, sê hy weer.

Kry hy tans behandeling, vra ek?

Ek hoor Gert het kanker, sê hy nog 'n keer.

Nou hoe, op hierdie aarde, voer jy 'n gesprek met iemand as daar nie nog inligting is nie, wonder ek.

So besluit ek om ook dieselfde te doen met soortgelyke gesprekke. Ten spyte van my nuuskierigheid.

Ek is besig om die laaste maskara aan my wimpers te sit toe ek sy vrae hoor.

Is jy gereed, kan ons maar ry? Vra my goeie man.

Ek is nou-nou klaar, sê ek.

Hoe lank gaan dit nog neem?

Ek is nou-nou klaar, sê ek.

Kan ek solank die alarm aansit?

Ek is nou-nou klaar, sê ek.

Maar dis ook nie lekker om die hele tyd so 'n gesprek te voer nie. Dit het my goeie man ook agtergekom. Want daar is niks om oor gesprek te voer nie. 'n Gesprek het 'n paar elemente wat belangrik is.

Eerstens moet daar wedersydse respek vir mekaar wees. Jou gespreksgenoot moet jou menings, gevoelens en standpunt verstaan, al verskil dit van myne. Dieselfde met my: ek moet ook die ander persoon se menings, gevoelens en standpunt verstaan. Indien jy iemand wil oortuig van jou eie standpunt, moet daar steeds respek wees.

Albei moet luister. Aandagtig, sonder om mekaar in die rede te val. Laat die ander persoon toe om klaar te praat en sy standpunt te stel. Jy het twee ore en een mond. Daarom moet jy twee keer beter luister as wat jy moet praat. (Ek preek gou bietjie vir myself ook.)

Albei partye moet duidelik kan kommunikeer en moet eerlik met mekaar wees. As jy dalk nie die ander persoon se standpunt verstaan nie, moet jy dit vir die ander mens kan sê. En jy moet kan toelaat dat die ander party weer verduidelik, sonder om geïrriteerd te wees.

Die gesprek is mos soos 'n tenniswedstryd: Iemand slaan af, en die ander persoon slaan die bal terug. Dus moet albei partye geleentheid kry om te praat en om hulle gevoelens uit te druk. Slaan, slaan terug, slaan, slaan terug.

Daar moet empatie en begrip in die gesprek wees. Toon belangstelling in wat die ander persoon sê, al stem jy nie saam nie. Gaan lees mooi wat die verskil is tussen empatie en simpatie. Ons verwar dit soms.

In 'n normale gesprek moet albei die persone gemaklik voel om te praat, om na mekaar te luister en om mekaar te respekteer.

Hierdie storie het 'n interessante einde. Iemand vertel my dat ons predikant in 'n motorongeluk was. Sy is nie ernstig beseer nie. Maar motor is egter afgeskryf, pas nadat hulle dit gekoop het.

Ek stuur vir my goeie man 'n boodskap. "Anna was in 'n ongeluk."

Dadelik kry ek 'n boodskap terug: "Wat het gebeur?"

Ek laat nie op my wag nie. "Pray for John. He was in a pile-up."

Ek lag lekker oor my simpel grappie en kry lekker tot diep binne-in my kleintoontjie.

Hierdie week het ek weer geleer dat 'n tweerigtinggesprek baie belangrik is. In hierdie tyd waarin ons leef is daar tog so baie mense wat aanstoot neem oor iets wat gesê is, veral as hulle nie die konteks daarvan ken nie. Ons hoor baie keer in die media dat een of ander politikus dit of dat kwytgeraak het, en dat dit dat daar opnames daarvan beskikbaar is. Die meeste van die tyd is die stellings uit konteks aangehaal.

Laat ons almal probeer om met liefde en omgee met mekaar te praat. En om af en toe vir John te bid, want hy was mos in 'n pile-up.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

A pen today, a future tomorrow – making a difference, one pen at a time!

• ***Elmarie Els-Hammann***

A small gesture can make a lasting difference in a child's life.

Education is one of the most powerful tools we can give a child. It opens doors, creates opportunities and provides hope for a brighter future. Sometimes, even something as simple as a pen can become part of a learner's journey towards success.

As part of Engo's annual Pen Project 2026, Ringer Street Children's and Youth Care Centre was proud to be part of an initiative aimed at supporting Grade 7 learners as they prepared for their examinations.

This year's project reached 705 Grade 7 learners from schools in Heilbron, Phiritona and Sandersville. Each learner received a pen to use during their examinations, but the initiative was about much more than simply putting a pen in a learner's hand. It was about offering encouragement, building confidence and reminding young people that their education and future matter.

As part of the project, learners also participated in discussions focusing on self-esteem, self-confidence and bullying. These conversations provided an opportunity to encourage learners to recognise their own worth, believe in their abilities and understand that they have the potential to achieve their dreams.

The message shared with every learner was simple but meaningful:

- Education is important – it opens doors to opportunities.
- Believe in yourself – your dreams are worth pursuing.
- Have confidence in your future – you have the potential to succeed.

Engo's Pen Project has become a meaningful annual initiative, reminding us that making a difference does not always require grand gestures. Sometimes, the smallest acts of kindness can leave the biggest impression.

We are grateful for the opportunity to be part of a project that invests in young people's education, personal development and future aspirations.

Because a pen is more than just a stationery item. It is a tool for learning, an opportunity to succeed and a symbol of hope for a brighter tomorrow.

Together, we can put a pen in a child's hand and hope in their heart.







Heilbron-bestuurder ontvang gesogte Senwes-toekenning

Hennie van Stryp, bestuurder van Heilbron Senwes Onderdele, het op 6 November tydens die Senwes Equipment Gala-aand in Klerksdorp erkenning ontvang vir sy uitstekende prestasie gedurende die 2025-finansiële jaar.

Van Stryp het die wisseltrofee ontvang as die Beste Onderdelebestuurder in die Senwes-groep se streek.

Hoewel hy verbaas was toe sy naam as wenner aangekondig is, sê Van Stryp dat die syfers uiteindelik die storie vertel. Die toekenning word op grond van verskeie prestasiekriteria toegeken, waaronder verkope, voorraadbestuur, die beperking van voorraadverliese en afskrywings van dooie voorraad, asook verskeie ander aspekte van die afdeling se bedryfsresultate.

Die Senwes Equipment Gala-aand is jaarliks 'n geleentheid waartydens uitstaande prestasies erken en die harde werk en toewyding van personeel binne die groep gevier word.

Van Stryp se toekenning is 'n besondere prestasie en bring ook erkenning aan die werk wat by die Heilbron-tak gedoen word.



Op die foto vl: Madeleen Malherbe (Hoof Finansiële Bestuurder van Senwes), Hennie van Stryp (Onderdelebestuurder), Debbie Bester (Uitvoerende Hoof) en Luan du Toit (Toerustingbestuurder Senwes).

Heilbron-fotograaf Danelle Oosthuizen wen Vivo Boere-bemarkingsdag se fotokompetisie

Heilbron se eie Danelle Oosthuizen het met haar besondere oog vir fotografie en haar liefde vir die plaaslewe die eerste plek in die Vivo Boerebemarkingsdag se 2026-fotokompetisie losgeslaan.

Die kompetisie, met die tema "Platteland in Fokus", het deelnemers uitgedaag om deur fotografie te wys wat die platteland vir hulle besonders maak. Dit kon enigiets wees van die mense en harde werk op die plaas tot die landskap, natuur en klein oomblikke wat die lewe op die platteland so uniek maak.

Danelle se wenfoto is tydens plantseisoen geneem, toe die wolke begin saampak en 'n mooi reënboog gevorm het. Die foto vang 'n besonderse oomblik op die plaas vas.



Vir Danelle het die oomblik besondere betekenis gehad. Sy vertel aan Maroela Media dat die foto vir haar 'n herinnering is dat God deel is van elke plantseisoen. Sy wou die oomblik vasvang toe sy besef het dat hulle nie alleen in die land staan nie, maar dat God ook in die kleinste oomblikke teenwoordig is. Danelle beskryf haarself as 'n boeremeisie wat saam met haar familie met gewasse, beeste en ook Dorpers boer. Sy glo nie sy sal in die stad aard nie.

Die platteland leer haar dat alles sy eie tyd het – van plant tot oes – en dat geduld, harde werk en geloof hand aan hand loop. 'n Sonsopkoms oor die lande, trekkers tydens plantseisoen en die wete dat hulle met hul hande werk, maar steeds op God vertrou vir die uiteinde, is vir haar van die mooiste dinge van die plaaslewe.

Heilbron Herald-lesers is ook reeds vertroud met Danelle se fotografiese talent. Haar foto's word gereeld in die koerant gebruik en gee telkens 'n blik op die mense, gebeure en stories wat ons plaaslike gemeenskap besonders maak. Die tweede plek in die kompetisie is aan Gerhard Potgieter toegeken, terwyl Christiaan Knox derde geëindig het. Danelle se oorwinning is 'n besonderse prestasie vir hierdie jong en talentvolle fotograaf. Met haar kamera in die hand en haar passie vir die plaaslewe wys sy dat daar dikwels besondere stories in die eenvoudigste oomblikke van die platteland skuil.





Huppel Trippel leer oor ou munte

GP Rossouw was die gas vir die oggend. Hy het onderhoudend vertel van sy ou munt-versameling. Interessante feite oor Suid Afrikaanse geld vanaf 1923 het aan die lig gekom. Só ook oor die geld van ander Afrika-lande; sowel as lande oorsee. Maar kyk 'n bietjie na 'n paar baie ou idiome in Afrikaans wat oor geld handel... Het jy al hierdie gehoor? Laat dit maar aankalk (Sit dit maar op my rekening). Of: Hy staan asof hy baie geld in die bank het (Hy is hoogmoedig). Of: Daardie item kos 'n oulap en 'n bokstert (Dit is baie goedkoop). 'n Oulap was 'n Pennie en 'n bokstert was 'n Oortjie of 'n kwartpennie. Wees maar versigtig vir daardie persoon, die pennie makeer uit die pond. (Daar is 'n skroef los/die persoon is nie toerekeningsvatbaar nie). Oor twee weke, op 1 Desember is dit 'n Bingo-oggend. En op 15 Desember is dit Huppel Trippel se Jaarafsluiting vir 2026.



Op die foto regs: GP Rossouw saam met Nonna Roos en Yvonne Smit. Foto onder: Die lede is bederf met roomys en koeldrank deur GP en Yolande Rossouw.





Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

Ringerstraat verwelkom twee nuwe personeellede

Ringerstraat Kinder- en Jeugsorgsentrum is opgewonde om twee nuwe personeellede by hul span te verwelkom.

Makoena Ramanki sluit by die sentrum aan as die nuwe kinderversorger, terwyl Moratoe Tshabalala die pos van maatskaplike werker sal beklee.

Die sentrum is baie opgewonde oor die nuwe toevoegings tot die span en sien uit na die bydrae wat elkeen sal lewer in die versorging, ondersteuning en ontwikkeling van die kinders.

Ringerstraat verwelkom hulle hartlik as deel van die Ringerstraat-familie en wens hulle alle sukses toe met hierdie nuwe hoofstuk in hul loopbane.

Welkom by Ringerstraat!



Makoena Ramanki



Moratoe Tshabalala



Totsiens Ds. Braam

Ds. Braam van Zyl en gesin, NG Moedergemeente se herderspaar, verlaat Heilbron na 21 jaar. Klink so finaal en laat die gemeenskap armer maar ryker in sy geesteslewe.

Die oud-Namibiër het diep spore oor die tydperk getrap op sy kenmerkende manier baie vriende gemaak en die Heilige Boodskap treffend oorgedra aan sy gemeente.

Ek kan onthou hoedat ds. Braam en gesin op Groblershoop gaan haal is, waar hulle gevestig was. Daar op die grens van die RSA. My/ons eerste ontmoeting in ligter luim was met hul dogter, Nicola. Wyle Megan Watson, ons kleindogter, het by ons aangeklop met die woorde – Oupa, "ontmoet ons nuwe dominee se dogter", – dit was in 2005. Graad 9-leerlinge aan die Hoërskool.

Marina – mev. Van Zyl – was jare lank by die Hoërskool as Afrikaanse onderwyseres betrokke en het ook vanjaar uitgetree. Ek onthou hoedat ds. Braam tydens die hokkiewedstryde by die skool op en af langs die veld gedraf het en aanmoedigings gemaak het – "kom Heilbron kom"!

Met sy innemende geaardheid het ds. Braam baie gou sy gemeente uitgebrei en sy eredienste op treffende wyse bedien. Hy het die vermoë om baie besoekers na die dienste te lok om hul geesteslewe te verryk aan die houthandreling van die lewe.

Ds. Braam ons groet jou waar julle 'n nuwe tydvak betree – adieu, cura ut valeas – mooi loop, gaan in vrede en pas julleself op!

Tom en Joey Watson

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

FORM JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T11971/2017** passed by The joint Liquidators of **PHUMI H D CONSTRUCTION CC** (In Liquidation) **Registration Number: 2004/036103/23**, in favour of **JAN VALLENTEYN KOTZE, Identity Number: 590628 5025 089 and MARTHA JOHANNA KOTZE, Identity Number: 630508 0015 081,** Married in community of property to each other, in respect of certain

PORTION 1 OF THE FARM CRAIG DUNE 151, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 1,7131 (ONE COMMA SEVEN ONE THREE ONE) HECTARES

which has been lost or destroyed.

All interested presons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 5th day of November 2026.

APPLICANT: AMANDA ANNE SCHUTTE
ADDRESS: 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650
E-MAIL ADDRESS: aktesa@corven.co.za
CONTACT NUMBER 058 8522035

KENNISGEWING

Kennisgewing in die Boedel van **WYLE JACOBUS JOHANNES DOMAN, Identiteitsnommer: 490918 5065 08 1,** in lewe 'n Kontrakteur, woonagtig te

Plot Geloof, Reitz, 9810, Getroud binne gemeenskap van goedere met **CORNELIA MARGARETHA DOMAN, Identiteitsnommer: 510209 0039 08 1**
DATUM VAN AFSTERWE: 3 SEPTEMBER 2023
BOEDELNOMMER: 002238/2024

Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein en die Landdros te REITZ vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:

MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ
9810

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald
Office National





TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of undergrade Whey. packed in 25kg bags, subject to the following conditions:

1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover

TENDER

Tenders are hereby requested for the sale of Burnt and Lumps undergrade whey sweepings powder packed in 25kg bags, subject to the following conditions:

1. The tender period will extend from 1 February 2027 to 31 January 2028
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 04 January 2027 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

The Manager
Clover

FOTOSTATE

Swart / Black

A4	1 - 50 Bladsye	@ R1-50
	51+	@ 80c
A3	1 - 50 Bladsye	@ R3-00
	51+	@ R1-50

Volkleur / Colour

A4	1 - 10 Bladsye	@ R5-00
	10+	@ R4-00
A3	1 - 10 Bladsye	@ R10-00
	10+	@ R8-00

WINKELURE

Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald
Office National

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Heilbron-rolbalspelers blink uit by Valsrivier Ope Enkels

Heilbron se Rolbalklub het Saterdag behoorlik hul staal gewys tydens die Valsrivier Ope Enkels, waar die klub se lede met uitstekende prestasies gespog het.

Edward Muller het koning gekraai in die mansafdeling en die eerste plek ingeneem. Dit is reeds die tweede agtereenvolgende jaar wat Edward hierdie titel inpalm, en altesaam die derde keer dat hy as wenner van die kompetisie aangewys word.

Die Heilbron-dames het ook uitgeblink en die kompetisie behoorlik oorheers deur al drie medaljeposisies in te palm. Elna Steyn het met die goue medalje weggestap, gevolg deur Hannalie Claassen met silwer en Sonja Muller met brons.

Heilbron se rolbalspelers kan met reg trots wees op hierdie prestasies. Baie geluk aan al die spelers!



Op die foto Elna Steyn en Edward Muller.



Op die foto bo vl: Elna Steyn, Hannalie Claassen en Sonja Muller.



HEILBRON COMMUNITY BLOOD D
Date: Tuesday, 24 November 20
Venue: Heilbron South Church
Time: 13:00 – 19:00

DONATE BLOOD SAVE LIFE

BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 23 NOVEMBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 24 NOVEMBER 2026

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

HLUHLUWE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

ERMELO Wit Brahman Aanteelveiling
Kontak Moolman Mentz 083 229 2500

WOENSDAG - 25 NOVEMBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

JOZINI Twee-weeklikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

STANDERTON Aanteelveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VENTERSBURG Maandelikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DONDERDAG - 26 NOVEMBER 2026

FRANKFORT Herdenkingsveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Kersveiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VRYDAG - 27 NOVEMBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 28 NOVEMBER 2026

ROEDTAN: CHIANINA BRAHMAN VEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Dirk van der Schyff 060 987 5079

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD. NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071

WINKELURE
Maandae - Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

OFFICE HOURS

Herald
Office National

Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42,
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

Waar sake elke keer,
die eerste keer,
reg gedoen word!

VIR DIE BEMARKING VAN
U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING